

25 November

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13-18 (OAV)  
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:17, 18

**Die heerlike toekoms: alle gelowiges van alle tye vir altyd saam met hulle Here!**

**D**ie gemeente in Tessalonika het geweet van die wederkoms van Jesus Christus. Daar was egter lidmate wat vanweë hulle heidense agtergrond verontrus was: Wat gaan gebeur met gelowiges wat gesterwe het vóór die wederkoms? Waarskynlik was die vraag: Wat van hulle liggame wat begrawe is? Geïnspireer deur die Heilige Gees, gee Paulus die regte insig. Daar wag 'n heerlike toekoms vir gelowiges wat alreeds gesterwe het, asook vir dié wat nog sal lewe tydens die wederkoms!

Kyk, as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan glo ons ook dat dieselfde God wat vir Jesus uit die dood opgewek het, ook diegene wat aan Jesus behoort uit die dood sal opwek (Rom 8:11). Tydens die wederkoms kom hulle siele saam met Jesus (1 Tess 3:13). Hy is die Een wat lewe wek uit die dood (Joh 5:28, 29). Op sy hoorbare bevel daardie dag word hulle liggame uit die grafte opgewek en in 'n oomblik word elke siel met sy liggaam herenig. Met daardie heerlike nuwe liggame wat opgewek is gaan hulle saam met die gelowiges wat nog lewe, maar net so heerlik verander is (Fil 3:20, 21), vir Jesus, die Oorwinnaar, tegemoet in die lug – om vir altyd by Hom te wees! Almal, uit alle tye, tesame by Hom!

Ons is tog te geneig om teen die hede vas te kyk. Veral die huidige verdeeldheid in die kerklike lewe laat jou vra: Watter toekoms is daar nog vir die kerk? Kyk dan 'n slag met 'n geloofsoog die toekoms in en sien een, universele, triomferende kerk, vir altyd saam met Christus Jesus Triomfator! God se weë is nie ons weë nie. So word ons bemoedig om intussen nog die strydende kerk te wees.

*Sing: Psalm 147:1, 2*

*Ds. RL Vorster (Emeritus)*